# EKONOMIE EN POLITIEK IN DIE S.A. ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS: 'N HISTORIOGRAFIESE VERKENNING

**Frederick C.v.N. Fourie**
**Elwil P. Beukes**[1]
*Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

*SUMMARY*

Economics and Politics of S.A. Development History:
A Historiographic
Investigation

Have apartheid and capitalism been friends, partners, enemies or strangers? Two approaches disregard or disavow any intrinsic link: Afrikaner historiography focuses on the Afrikaner's political struggle, and barely mentions politico-economic aspects. In liberal eyes apartheid measures are "irrational" and in basic conflict with the development of a "rational" liberal economic (and social) order. Other approaches stress an intrinsic link: Neo-Marxist historiography sees apartheid as having been created and sustained to serve the class interests of (both Afrikaner and English) capitalists. Yudelman identifies a symbiosis between State and business sector, leaving them – with white labour as co-opted partner – co-responsible for making race a source of conflict. Greenberg argues that capitalist development – aided by the State – has sustained, used and adapted the pattern of racial domination to further class interests. Terreblanche contrasts the post-1948 political phase of apartheid with its capitalist phase – the not-so-accidental simultaneous development of laissez faire capitalism and apartheid from 1850 to 1950.

The overall conclusion is that one can no longer doubt an intrinsic linkage of economics and politics in SA history. Apartheid and capitalism have decidedly complemented one another, albeit in a debatable way. Specifically, the origins of the politico-economic position of blacks date back to long before 1948, with economic considerations as an important factor and the business sector being undeniably co-responsible. Further uncovering of intrinsic political-economic dynamics is crucially important, but will require a careful and more integrated, albeit critical, appreciation of the whole spectrum of historiography.

Die fokus van hierdie artikel is die feitelike verwantskap en wisselwerking tussen ekonomie en politiek in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis, veral hierdie eeu. Aan die orde is die mate waarin en wyse waarop ekonomiese en politieke (of politiek-staatkundige) oorwegings, gebeure en veranderinge in Suid-Afrika mekaar beïnvloed, veroorsaak, teengewerk of versterk het – of dit nie gedoen het nie.

Hoewel daar verskeie maniere is om bostaande wisselwerking te ontleed, word

---

Onderskeidelik hoogleraar en mede-professor in Ekonomie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Dank word hiermee betuig aan mnr. N L Combrink van die Departement Geskiedenis aan die UOVS vir sy kritiese kommentaar en bydrae.

hier gefokus op 'n *intrinsieke* verband tussen ekonomie en politiek, iets wat heelwat mense verontagsaam – doelbewus of andersins. (Enkele opmerkings oor hierdie verontagsaming as sodanig word vervat in 'n naskrif oor "Ekonomie en Geskiedenis".)

Met die term ekonomie word hier veel meer bedoel as bloot aktiwiteite wat betrekking het op geldelike inkome of rykdom. Dit omvat alle aktiwiteite van mense om individueel of gesamentlik middele af te stem op allerlei menslike behoeftes. Die ekonomiese posisie van mense het dus veel meer om die lyf as hul geldelike inkome. Dit sluit in hul lewenstyl en -gehalte, algemene sosio-ekonomiese bevoorregting en ekonomiese mag of onmag.

'n Standaard en geykte manier om na die relasie tussen ekonomie en politiek in Suid-Afrika te kyk, is in terme van die sg. ras-klas-debat, m.a.w. na aanleiding van die vraag of rasseverskille of klasseverskille die basiese parameters van konflik in Suid-Afrika was en is (vgl. Hugo & Kotze, 1983, p. 116). Indien dit rasseverskille is, beteken dit dat die aanwesigheid van 'n aantal etniese groepe met verskillende kulture, lewensbeskouings en lewenstandaarde die belangrikste konflikfaktor was. Indien dit klasseverskille is, was die bron van konflik die verdeling van materiële rykdom in Suid-Afrika, alternatiewelik die uitbuiting van armes (meestal swart) deur die rykes (meestal blank).

Hoewel bruikbaar en insiggewend is dit 'n vraag of hierdie benadering nie sodanig geyk of selfs 'n analitiese cliche geword het dat belangrike insigte 'n mens sistematies ontwyk nie. Die benadering in hierdie werk is gevolglik om die relasie ekonomie-politiek in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis effens anders te ontleed en die ras-klas kwessie miskien in vars perspektief te belig.

Die dominante politieke paradigma in hierdie geskiedenis was en is die van rasseskeiding en afsonderlike ontwikkeling – apartheid. Die dominante ekonomiese paradigma en stelsel, alhoewel in wisselende gedaantes en grade van intensiteit, was en is kapitalisme. Die kwessie wat ons wil aanspreek, kan dus as volg geformuleer word: *Was apartheid en kapitalisme – of, breër gestel, politieke en ekonomiese mag – in die S.A. ontwikkelingsgeskiedenis vriende, vennote, vyande, onbekendes of wat?*

Enige studie van so 'n verwantskap in die geskiedenis bring 'n mens onvermydelik te staan voor die historiografie, d.i. die verskillende weergawes en interpretasies van die geskiedenis deur verskillende skole van historici. Van die verskille spruit uit metodologiese en paradigmatiese verskille, maar soms ook bloot uit klem- en fokusverskille. Dit maak dit uiteraard onmoontlik om 'n "objektiewe" weergawe van die geskiedenis te verkry. 'n Moontlike uitweg is om elke skool se denkraamwerk duidelik te ekspliseer, en om met dit bewustelik in gedagte te kyk na die gegewens wat deur elke skool uitgelig word. Hoewel steeds vol slaggate en risiko's, bied dit 'n insiggewende blik op die historiese proses.

Ons gee basies aandag aan Afrikaner-, liberale en neo-Marxistiese geskiedskrywing. Ander relevante kandidate, nl. sogenaamde Swart, Kleurling- en Indiërgeskiedskrywing, is nog maar skraps en onvolledig, en het in elk geval sterk koppelinge met laasgenoemde twee groepe (vgl. RGN, 1985, hf. 5 - 7). Uit die aard van die saak word slegs hooftrekke en -kenmerke uitgelig sonder om reg te laat geskied aan al die ryke nuanseringe binne elke skool. Dan word daar ook gekyk na enkele individuele skrywers wat nie maklik binne hierdie skole tuis te bring is nie. (Laasgenoemde word nie historiografies ontleed nie.)

Wat die skole betref stel ons telkens die volgende temas aan die orde:

die dominante tema in die geskiedenis

die rol van die Afrikaner
die relasie ekonomie-politiek
die hoofbron van konflik
die "skuldige party".

## 1. Afrikaner-historiografie: politieke skeiding en beskawingsvooruitgang

Uit 'n bestudering van Afrikaner-geskiedskrywing (vgl. Van Jaarsveld, 1984, hf. 2) – ook genoem konserwatiewe geskiedskrywing – word 'n mens min wys oor die feitelike verwantskap tussen ekonomie en politiek in Suid-Afrika, want daar word verbasend genoeg feitlik niks oor sosiaal-ekonomiese of politiek-ekonomiese geskiedenis geskryf nie (vgl. RGN, 1985, p. 11). Die klem is op "suiwer" politieke geskiedenis (Van Jaarsveld, 1981, p. 75).

In Afrikaner-historiografie is die geskiedenis van Suid-Afrika die geskiedenis van die blanke en meer spesifiek van die Afrikaner. Dit is dus nasionalistiese en groepsgesentreerde geskiedskrywing (RGN, 1985, p. 11)[2] (en ten dele 'n antwoord op liberale historici se kritiek op die Afrikaner; vgl. 1.2 hieronder).

Die rol van die Afrikaner word uitgebeeld as die van die draer van die Westerse beskawing met 'n Christelike roeping in Afrika (vgl. Van Jaarsveld, 1964). Daarmee saam is seker DIE sentrale tema die Afrikaner se stryd om selfbevryding en selfbeskikking, primer vis-à-vis Britse kolonialisme en imperialisme en sekonder vis-à-vis die "onbeskaafde" swartes (RGN, 1985, pp. 12 e.v.). Van sentrale belang is natuurlik die strewe na en verkryging van staatkundige onafhanklikheid en politieke mag, met as subtema sosiaal-kulturele emansipasie (wat ekonomiese ontknegting ten opsigte van die Britse kapitaalmagte insluit).

Die "rassevraagstuk" se vermeende oplossing, nl. rasse-skeiding en afsonderlike ontwikkeling, figureer uiters prominent en word gesien en geregverdig as in belang van die voortbestaan en ontwikkeling van die (Christelike) beskawing in Suider-Afrika.

In die breë word ekonomiese verwikkelinge, veranderinge en groei puur beskrywend en a-polities behandel, met dominante aandag aan gegewens oor die ekonomiese groeiproses en industrialisasie (vgl. bv. Muller, 1980, hf. 18 en 20). Ekonomies-relevante optrede van die Britse heerser teenoor die Afrikaners word behandel onder die breë tema van verontregting en oorheersing (vgl. Coetzee, 1942). Waar politieke dimensies wel genoem word, is dit oorwegend t.o.v. die Britse kolonialisme/imperialisme, veral gegewens oor die Britte se gebruik van politieke mag ter wille van ekonomiese voordele. So word bv. gestel: "Alle koloniale politiek word derhalwe ook beheers deur die een motief: skepping en konsolidering van verrykingsmoontlikhede van die oorheersende staatsgemeenskap en die uitbreiding van sy politieke invloedsfere ter wille van stoflike voordeel" (Coetzee, 1942, p. 110). Dit geld ook vir militêre oorheersing, en hier word gewys op die Britte wat die Boererepublieke wou beset en die Anglo-Boereoorlog geveg het na aanleiding van die ontdekking van goud (bv. Muller, 1980, p. 592).

2. Vergelyk bv. G D Scholtz se reeks, Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, waarin – soos die titel ook aandui – Afrikaner-geskiedenis as die sentrale tema van die SA geskiedenis beskou word; ook C F J Muller (red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, wat die SA geskiedenis uitsluitlik vanuit blanksentriese oogpunt benader, met kernvraag: "Hoe het dit gebeur dat so 'n handjievol blankes so 'n magsposisie verwerf het, en as gevolg daarvan ... kontinentaal en internasionaal van soveel betekenis geword het?" (Voorwoord, p. x).

Die armblanke-vraagstuk, 'n belangrike kwessie in die Afrikaner-ontwikkeling, kry nie baie aandag nie – "nog geen (Afrikaner-)historikus het hom aan die ontstaan, ontwikkeling en oplossing van die 20-eeuse armblanke-vraagstuk gewy nie, ook nie aan die depressie van 1929–1933, wat ernstige politieke gevolge meegebring het nie" (Van Jaarsveld, 1981, p. 71). In standaard-oorsigwerke word dit verswyg of onderbeklemtoon (vgl. bv. Muller, 1980, hf. 17 en 18); ander (bv. Scholtz, 1979, hf. 3, 11, 26; ook Schumann, 1945; Pauw, 1945) beskryf wel die gebeure, maar sonder veel ekonomies-politieke perspektief of politieke motiewe (vgl. Van Jaarsveld, 1981, pp. 76, 80). Al wat figureer is dat die probleem toegeskryf word aan Britse imperialisme/kapitalisme (en in geen mate aan 'n onvermoë van die Afrikaner om by die moderne ekonomie aan te pas nie.)

Wat wel in sekere werke uitgelig word, is die Afrikaner se eie pogings om hom van sy "ekonomiese onderdrukking" te bevry – die "reddingsdaad" wat veral in 1939 begin is en momentum gekry het met die stigting van Afrikaner ekonomiese organisasies en sake-ondernemings soos die Helpmekaar, Die Reddingsdaadbond, die Afrikaanse Handelsinstituut, Volkskas, Federale Volksbeleggings, die KWV, Avbob, Sanlam-Santam, Saambou en Nasionale Pers. Die aktiewe aanwending van politieke mag en die rol van die staat in die aanspreek van die armblanke-vraagstuk (vgl. 1.2 hieronder) word nie beklemtoon nie – die dominante tema is die Afrikaner wat homself aan sy eie skoenveters opgetrek het, die "volk wat opgestaan het" in "'n massale daad van selfredding" (vgl. Du Plessis, 1964; Bezuidenhout, 1969).

Wat die swartes betref word apartheid en kapitalisme of kapitalistiese ekonomiese ontwikkeling selde in enige direkte of indirekte relasie geplaas, en indien wel slegs by wyse van terloopse verwysing eerder as sistematiese ontleding. Die "rassevraagstuk" word gewoonlik apart van "ekonomiese groei en ontwikkeling" behandel (vgl. Scholtz, 1979). Ekonomies-relevante owerheidsmaatreëls wat swartes raak – bv. ten opsigte van grondbesit, woon- en handelsgebiede, instromingsbeheer en werkreservering – figureer in terme van die behoud en uitbouing van die beskawing en van Afrikaner-identiteit (vgl. Scholtz, 1979, hf. 11).

In geheel gesien is die hoofsaak Afrikaner-emansipasie, is die hoofbron van konflik die bedreiging van die Afrikanervolk en Afrikanerkultuur of -identiteit, met Brittanje as die primêre "skuldige party" en onderdrukker in die geskiedenis (Van Jaarsveld, 1984, pp. 8, 14), met die swartes as bykomende bedreiging, veral in hierdie eeu. Ekonomiese oorwegings figureer heel terloops, en, wanneer wel, gewoonlik a-polities, veral t.o.v. die swartes.

## 2. Liberale geskiedskrywing: rasseskeiding versus kapitalistiese ekonomiese ontwikkeling

Liberale geskiedskrywing (vgl. Van Jaarsveld, 1984, hf. 3) gee nogal baie aandag aan die relasie tussen politiek (apartheid) en ekonomie (kapitalisme), basies vanweë die belangrike rol van die ekonomiese orde in die liberale visie.

Vir liberale historici is die geskiedenis van Suid-Afrika in die eerste plek die geskiedenis van alle mense – van individue in 'n "common society" (Van Jaarsveld, 1981, p. 81; 1984, pp. 42 en 48); veral in die sg. neo-liberale geskiedskrywing figureer die swartes as 'n groep in eie reg, en selfs as hoofspelers. (Vgl. Wilson, 1984, en Welsh, 1974 en die Oxford History of South Africa).

Die verloop van die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis word dan beskryf teen die agtergrond van die liberale ideaal, nl. die ontplooiing van 'n liberale same-

lewing en beskawing onder alle mense in Suid-Afrika. Sentraal hierin is die idee van 'n liberale ekonomiese orde – 'n vryemarkstelsel, gegrond op die beginsel van laissez faire en minimum "inmenging" deur die politieke owerheid (die staat), waarin die vrye werking van markkragte harmonieus lei tot die optimum aanwending van ekonomiese hulpbronne en uiteindelik maksimum ekonomiese groei en welvaart vir almal: 'n "groeiende koek" om onder almal te verdeel (vgl. Leatt. 1986, p. 56).

Rasse-vooroordeel en rasse-skeiding word in hierdie skema as fundamenteel in konflik met verwesenliking van 'n liberale ekonomiese orde uitgebeeld (Hugo & Kotze, 1983, p. 117; Leatt, 1986, p. 57). Daar word gewys op apartheidsmaatreels soos werk-reservering, instromingsbeheer en groepsgebiedebepalings en die mate waarin hulle – synde dan in stryd met vryemarkbeginsels – die gladde en outomatiese werking van markkragte in die arbeidsmark ernstig versteur en sodoende ekonomiese optimaliteit, effektiwiteit en groei in die wiele ry. In die breë word rasse-segregasie in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis as "irrasioneel" en in stryd met die "rasionaliteit" van die mark ingeklee (vgl. Blumer, 1965; Hutt, 1964). [Neo-liberale historici moes oor hierdie argumentspunt, as deel van die ras-klas-debat, met neo-Marxistiese geskiedskrywers in debat tree. Dit word hieronder bespreek; vgl. ook Wright (1978).]

Dit impliseer dat apartheid 'n inherente konflik tussen ekonomiese en staatlik-politieke ontwikkelings ingedra het. Op die langtermyn, glo voorstanders van hierdie opvatting egter, sal die rasionaliteit van die mark algaande die oorhand kry en so-doende – indien sonder enige verdere inmenging deur die owerheid – politieke konflik verminder (vgl. Lombard, 1978a, Hugo & Kotze, 1983, pp. 117/8).

Die rol van die Afrikaner in die politiek-ekonomiese geskiedenis word dan op twee vlakke beskryf. Eerstens word die bestaan van rasse-skeiding en apartheid toegeskryf aan die Afrikaner se nasionalistiese politieke "inmenging" met die verloop van die liberale samelewing. "Die Engelstalige groep (word), wat rassevooroordele betref, misgekyk" (Van Jaarsveld, 1981, p. 76). Die Afrikaner word uitgebeeld as 'n anachronisme (RGN, 1985, p. 41), as anti-kapitalisties (Welsh, 1974, p. 259), en as die party wat met politieke optrede gebaseer op starre rasse-ideologie die harmonieuse ontwikkelingsgang van die liberale samelewing en ekonomie in Suid-Afrika versteur en verwring het (vgl. Van Jaarsveld, 1984, pp. 50 – 52).[3] Die Afrikaner het as "aggressor" opgetree en so onder meer ekonomiese groei en ontwikkeling vertraag.

Tweedens word besonderhede van die Afrikaner se strewe na en gebruik van politieke mag ter wille van sy ekonomiese posisie, uitgelig. Vanaf 'n posisie van aan-sienlike ekonomiese agterstand teenoor die dominante Engelse het die Afrikaner in hierdie eeu 'n dramatiese ekonomiese vooruitgang beleef wat onlosmaaklik gekoppel was aan etnies-politieke mobilisasie en mag (vgl. Giliomee en Adam, 1979; Welsh, 1974).

Hierdie ekonomiese renaissance het op verskeie fronte plaasgevind. Aan die een kant was daar die mobilisasie van Afrikaners m.b.t. die stigting van spesifiek Afrikaner-organisasies en sake-ondernemings (vgl. 1.1 hierbo). Die gegewens hieroor is natuurlik wel deur Afrikaner-historici uitgelig (vgl. Du Plessis, 1964; Bezuidenhout, 1969), maar die "politieke konneksie" en betekenis daarvan – die algemene etnies-

3. Van Jaarsveld (1981, p. 76) meld dat hierdie 'n element van die liberale geskiedskrywing is wat nou verwant is aan die gees van die Amerikaanse "New History School", nl. dat "die verlede benader word met die oog op 'n antwoord wat die huidige toedrag van sake kan verklaar en waarin kritiek uitgespreek word op diegene wat verantwoordelikheid daarvoor moet dra in die sin dat as sake nie só verloop het nie, hoe ánders kon die samelewing tog gewees het."

mobiliserende effek van hierdie gebeure – is nie beklemtoon nie of verswyg. Hier was dan inderdaad sprake van 'n volkskapitalisme wat Afrikaner-entrepreneurs, -werkers en -verbruikers in 'n helpmekaar-gees sou saamsnoer ter wille van die ekonomiese opheffing van die Afrikaner (Giliomee & Adam, 1979, p. 157; Leatt, 1986, p. 74). Nasionale Pers se stigting het natuurlik eksplisiete politieke doelwitte gehad.

Aan die ander kant was daar die rol van die staat. Synde 'n meerderheid van die stemgeregtigdes in Suid-Afrika was die Afrikaner se ekonomiese behoeftes 'n belangrike faktor vir elke regering. Van besondere belang was gebeure rondom die sg. armblanke-vraagstuk. Industriële ontwikkeling, landelike armoede en verstedeliking het veral Afrikaners in armoede gedompel – tot 'n kwart van die Afrikanerbevolking, met die res nie veel beter af nie (Giliomee & Adam, 1979, p. 150). In reaksie hierop het die staat verskeie stappe geneem om die Afrikaner op te hef, met die Nasionale Party – alleen sowel as in koalisies – 'n prominente krag. Grootskaalse indiensname deur die staat, begin onder die sg. "beskaafde" arbeidsbeleid van Hertzog en die Pakt-regering, het groot getalle armblankes, veral Afrikaners, van armoede gered. Die spoorweë en die stigting van YSKOR was hierin sentraal; druk is ook van owerheidsweë op die privaatsektor gesit om hiermee te help.

Die mobiliseerders van die Afrikaner ekonomiese beweging het egter algaande besef dat "ultimately only political power would effectively enhance the Afrikaners' economic position" (Giliomee & Adam, 1979, p. 159). Die Afrikaners se gemeenskaplike armoede was terselfdertyd 'n belangrike impetus vir die opkoms van Afrikaner-nasionalisme (Leatt e.a., 1986, p. 25; Welsh, 1974, p. 251). Die onderdrukking van wit werkers tydens die 1922-staking lei so tot 'n deurslaggewende mobilisering van die wit (Afrikaner-)werkers wat uitloop op die 1924-verkiesingsoorwinning van die Arbeider-Nasionale Party koalisie. Dit kulmineer in 1948 se Nasionale Partyoorwinning, waarna die "Afrikaner-staat" met sy optrede in die ekonomie 'n vername invloed op die Afrikaner se ekonomiese posisie gehad het.

Belangrik hier was stappe ter wille van die boere – hoofsaaklik Afrikaners. Hierdie groep se arbeidsbehoeftes is bevredig deur instelling van die omvattende stelsel van beheer oor swart arbeid (instromingsbeheer tesame met die latere tuislandbeleid), en hul inkome is beskerm deur die instelling van landboubeheerrade en prysbeheer. Die semi-geskoolde blanke werker, weer eens veral Afrikaners, se werk en inkome is weer beskerm deur die stelsel van werkreservering. Behalwe die staat self word openbare korporasies soos EVKOM, SASOL, KRYGKOR en SOEKOR ook belangrike indiensnemers van Afrikaners. Die staat het ook private Afrikaner-sakeondernemings – wat self natuurlik ook Afrikaner-sentimente ge-eksploiteer het – se belange bevorder. Staatsbesteding op sg. Christelik-Nasionale onderwys beklee ook 'n vername plek in Afrikaner-opheffing. Al hierdie stappe het die Afrikaner se ekonomiese posisie teenoor die Engelse en sy aandeel aan die welvaart van die land dramaties verbeter (vgl. bv. Giliomee & Adam, 1979, pp. 165–175 vir gegewens in hierdie verband).

Die resultaat van hierdie owerheidsoptrede was 'n aansienlike toename in die staat se aandeel van en beheer oor die ekonomie – natuurlik geheel in stryd met die liberale ideaal van 'n vryemarkstelsel en laissez faire – sowel as die versteuring van die gladde werking van markkragte, met daaruitspruitend die moontlikheid van 'n suboptimale ontwikkeling van die ekonomie en verminderde welvaart vir almal.

'n Verwante resultaat was dat die staat uit die aard van die saak opgetree het as behartiger van die eksklusiewe belange van (sekere) blankes. Dit het veroorsaak dat ekonomiese klasse-verdelingslyne langs rasse-verdelingslyne ontstaan het. Dit het ook verhoed dat rasseverskille en "irrasionele" rasse-vooroordeel in die proses van

kapitalistiese ekonomiese groei stelselmatig hul belangrikheid verloor het, meegebring dat swart nasionalisme ontwikkel en gevestig geraak het, en het so die ontwikkeling van 'n harmonieuse liberale samelewing in Suid-Afrika voorkom (Van Jaarsveld, 1984, pp. 50/1).

Die liberale historiografie se gevolgtrekking is dus dat die hoofbron van konflik in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ras (en nie klas nie) was en is, maar dan – belangrik – nie soseer in enige natuurlike of inherente sin nie, maar ingedra deur die hardkoppige Afrikaner se misplaaste nasionalisme, irrasionele rasse-ideologie en misbruik van politieke mag vir eie ekonomiese voordeel. Die skuldige party en "aggressor" in die historiese ontwikkelingsproses was dus uit en uit die "Boere" (Van Jaarsveld, 1984, p. 33).

## 3. Neo-Marxistiese historiografie: apartheid in diens van kapitalisme

Neo-Marxistiese historici (vgl. Van Jaarsveld, 1984, hf. 4) werp uit die aard van die saak besondere lig op die relasie ekonomie-politiek aangesien hulle die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis analiseer uit die oogpunt van hul sentrale paradigma, nl. dat ekonomiese klasse die dominante samelewingskategorie is met die dialektiese spanning tussen klasse as sentrale historiese dinamo.

Vir hulle is die Suid-Afrikaanse geskiedenis, hoewel die geskiedenis van alle mense, boweal die geskiedenis van 'n kapitalistiese stelsel en van die rol van en wisselwerking tussen verskillende klasse daarin (cf. Hugo & Kotze, 1983, hf. 5; Van Jaarsveld, 1981, pp. 95 – 100 asook Wright, 1978). Dit gaan dan spesifiek oor die kapitalistiese besittersklas se uitbuiting en onderdrukking van die arbeidersklas. In Suid-Afrika het die klasse-dimensie besondere betekenis aangesien dit hier hoofsaaklik saamval en saamgeval het met rasse-verdelingslyne en stemregkategorieë. Klas val dus saam met en word versterk deur ras.

Uit neo-Marxistiese oogpunt is die hele debat tussen die Afrikaner- en liberale historici oor die rol van die Afrikaner en Afrikaner-Brit-verhouding grootliks irrelevant. Afrikaners en Engelse word almal basies beskou as kapitaliste (ook kolonialiste), met swartes as die arbeidersklas.

Die neo-Marxistiese uitlig van die rol van ekonomiese klasse in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis is grootliks gestimuleer deur hul kritiek op die liberale historici se verkondiging van die bevrydende en harmoniese aard van die vrye kapitalistiese ekonomie – as die Afrikaners dit maar net nie versteur het nie (RGN, 1985, p. 43; ook Wright, 1978). Hulle betwis die liberale aanspraak dat rasse-skeiding 'n unieke Afrikaner-bydrae was, en verwerp die beweerde konflik tussen "irrasionele" rasseskeiding en kapitalistiese ontwikkeling. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is in elk geval nie 'n vryemarkekonomie nie, maar wel 'n voorbeeld van monopolie-kapitalisme (Innes, 1983) en 'n "arbeidsrepressiewe" ekonomie waarin apartheid geskep en in stand gehou is ter wille van en in diens van (Afrikaner- én Engelse) kapitaliste.

Die staat – as instrument van die besittersklas – word gesien as inherente deel van die (monopolie-)kapitalistiese sisteem en mede-verantwoordelik vir die uitbuiting van die swartes. Die vinnige akkumulasie van kapitaal en hoë lewenstandaard van die wit besittersklas is in hierdie opsig primêr bevorder deur beheer oor die politieke masjinerie waarmee die swart arbeidersklas voortdurend onderdruk is.

In hul studies van politiek-ekonomiese wisselwerking lig die neo-Marxistiese historici verskeie aspekte uit (vgl. Hugo & Kotze, p. 119). Van besondere belang is die arbeidsvraagstuk, veral die trekarbeidstelsel en die mate waarin die Suid-Afrikaanse

stelsel van arbeidsbeheer ingestel is ter wille van die ekonomiese voordeel van die blanke besittersklas en nie soseer die Afrikaner nie (vgl. bv. Davies, 1979; Johnstone, 1976, Lacey, 1981). Lacey (1981) poog bv. om aan te toon hoe die groot en groeiende behoefte aan goedkoop arbeidskrag deur sowel die mynbou-industrie as die (wit) landbou 'n deurslaggewende faktor was in die ontplooiing van die openbare politiek-ekonomiese orde. Die staat se hoofprobleem en -doelwit was om die swart arbeidspoel gerieflik te verdeel tussen en beskikbaar te stel vir hierdie twee sektore.

Om dit te bewerkstellig is 'n aantal beleidsmaatreëls en wette aangeneem. Grondleggend hier was Rhodes se Glen Grey Wet van 1894. Hierdie wet het toe reeds sekere gebiede as reserwes vir swartes geproklameer en voorskrifte m.b.t. besitreg en grondgebruik in sulke gebiede gegee. Die beleid van Rhodes – destydse (Engelse) premier van die Kaap – was volgens Lacey (1981, p. 15) geensins gemik op die veronderstelde of verkondigde liberale doelwit van die uitbreiding van burgerregte aan swartes nie, maar was daarop gemik om swart boere te dwing om hulle tot loonarbeid te wend en sodoende arbeidskrag vir mynbou te verskaf. Verder moes hierdie werkers as trekarbeiders werk sodat hulle geen gevestigde werkerskorps wat uiteindelik politiek gemobiliseer kon word, in die stede kon vorm nie.

Die Naturelle Grond Wet van 1913 het hierop voortgebou en die reg van grondbesit van swartes in die hele destydse Unie van Suid-Afrika betrek. Dit het benewens die allokering van ongeveer 87% van die grondgebied aan blankes, die reg van swartes om as deelpagters of bywoners vir eie voordeel op grond van blankes te boer, drasties ingekort (Lacey, 1981, hf. 4). Aansluitend hierby was die opheffing van die reg van swartes om eiendom in stede te besit of om lede van geregistreerde vakbonde te word.

Ewe belangrik is die instelling van die kleurslagboom en werkreservering – die Pakt-regering se 1924 "beskaafde" arbeidsbeleid. Dit is in die dertigerjare aangevul met maatreëls om owerheidsbeheer oor die allokering van swart werkers tussen verskillende bedrywe en geografiese gebiede te verstewig. Dit is vervat in o.m. die paswette soos aanvanklik bepaal in die Naturelle (Stadsgebiede) Wet van 1923 en daarna voortdurend gewysig as deel van die stelsel van instromingsbeheer (Lacey, 1981, hf. 9).

Rasse-oorheersing is in hierdie skema dus alles behalwe irrasioneel, maar juis rasioneel aangesien dit dien as ideologiese regverdiging van die onderdrukking van swart arbeiders, uiteindelik ter wille van laagste moontlike produksiekoste vir die wit kapitaliste. Rasse-oorheersing is dus 'n klasseverskynsel wat voortvloei uit die eise van kapitalistiese ontwikkeling.

Die Suid-Afrikaanse geskiedenis word dus gekenmerk deur die komplementariteit van apartheid en kapitalisme soos vergestalt in die aanwending van politieke middele deur die regerende kapitalistiese klas ter bevordering van kapitalistiese ekonomiese groei. Die resultaat was vestiging van 'n arbeidsrepressiewe ekonomie waarin beide politieke en ekonomiese mag in die hande van blankes gekonsentreer is (Innes, 1983, pp. 171 – 183). Die hoofprobleem in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis was dus die uitbuiting van swartes deur die blankes (bygestaan deur die kapitalistiese staat). Klas, versterk deur ras, is die hoofbron van konflik, met die kapitaliste die "skuldiges" (Van Jaarsveld, 1984, p. 72 e.v.).

## 4. Yudelman: simbiose tussen staat en sakesektor

'n Heel ander benadering wat nie maklik in enige van bogenoemde kategorieë inpas nie vind 'n mens in die resente werk van David Yudelman (1984).

## 4. Die basiese raamwerk: akkumulasie en legitimasie

Yudelman probeer die kwessie van ras in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis in 'n wyer historiese perspektief plaas deur te fokus op die verwantskap tussen die staat, die sakesektor (kapitaal) en arbeid – swart sowel as wit – veral sedert die eeuwending. Volgens hom is die Suid-Afrikaanse politiek-ekonomiese geskiedenis nie te verklaar in terme van 'n enkele, eenvoudige grondnoemer soos Afrikaner-nasionalisme, ras of klas nie, maar is daar veel komplekser relasies aan die werk. Hierin teken hy homself af teen sowel die nasionalistiese/Afrikaner en liberale as die (neo-)Marxistiese geskiedskrywing.

Yudelman se doel is om die relasie tussen "politieke mag" (die staat) en "ekonomiese mag" (mynboukapitaal) te ontbloot. Hy fokus basies op die behoeftes van die jong Suid-Afrikaanse staat – gesien as alle owerheidsverwante instellings, d.w.s. bo en behalwe die uitvoerende gesag (die regering in eng sin) ook die Parlement, die staatsdiens, die regstelsel, polisie en weermag. Hierdie behoefte is sterk gekoppel aan die behoeftes van veral die groeiende (goud-)myn-industrie. Tussen hierdie twee is wit en swart arbeid.

'n Staat se eerste behoefte is sg. legitimasie. Die staat moet te alle tye sy legitimiteit in die oë van die kieserskorps verseker – die "legitimasie-imperatief" van die staat. Dit geskied deur politieke oortuigingswerk maar ook deur uitbreiding van owerheidsoptrede na meer en meer sektore van die ekonomie tot voordeel van die kiesers. Dit beteken dat die sensitiewe gebiede van werkskepping en die beslegting van konflik tussen werkgewers en werknemers 'n terrein vir owerheidsoptrede word (Yudelman, 1984, p. 10).

Die basiese behoefte van die sake- of kapitaalsektor is winsgewendheid, kapitaalakkumulasie en groei. Hierdie behoefte word egter tegelykertyd 'n behoefte van die staat, aangesien die staat oor voldoende finansies moet beskik om sy legitimeringsoptrede aan te pak. Vir die ekonomiese welsyn van die owerheid is 'n groot èn groeiende belastingbron dus noodsaaklik. Gevolglik is die owerheid in vermeende staatsbelang genoodsaak om die lewenskrag en groei van die kapitaalsektor te waarborg – die "akkumulasie-imperatief" van die staat (1984, p. 10).

Hoewel daar 'n inherente spanning en konflik tussen hierdie twee imperatiewe kan ontstaan – bv. wanneer grootskaalse konflik tussen werkgewers en werkers dreig en die staat nie kant kan kies sonder om een imperatief te skaad nie – impliseer dit 'n fundamentele konvergensie tussen die belange van staat en kapitaal. Die resultaat is 'n simbiotiese verwantskap tussen hierdie twee sektore.

In Suid-Afrika het hierdie simbiose – wat volgens Yudelman voorkom in alle lande wat 'n kapitalistiese ontwikkelingsproses gebaseer op grootskaalse industrialisasie deurmaak – relatief vroeg en meer deurslaggewend plaasgevind as in ander gevalle. Die redes hiervoor is (i) die buitengewone konsentrasie en homogeniteit van kapitaalbesit vanweë die aard en prominensie van die goudmynbedryf, (ii) die buitengewone konsentrasie van politieke mag in die hande van 'n minderheidsgroep, die Afrikaners, wat relatief los van kapitaalbesitters gestaan het, en (iii) die ingrypende verdeeldheid van die werkers op grond van ras, kultuur, vaardigheid, afkoms (stedelik/landelik) tesame met die prominensie van trekarbeiders.

Die kombinasie van hierdie drie faktore het beteken dat nòg die staat nòg kapitaal mekaar in Suid-Afrika kon domineer. Deur simbioties nou saam te werk kon hulle egter die hele land effektief domineer, onbedreig deur "peasants or proletarians". Die relasie tussen staat en kapitaal in Suid-Afrika word dus nie

gekarakteriseer deur die dominasie van Afrikaner-nasionalisme nie – die siening van die liberale en nasionalistiese skole – en ook nie deur die dominasie van die kapitaliste nie – die neo-Marxistiese siening (1984, p. 7). Dit word gekarakteriseer deur simbiose – onlosmaaklike saambestaan. Staat en kapitaal, soos ook politiek en ekonomie, is dus nie in konflik nie, maar vennote (1943, p. 6).

## 4.2 Die modus vivendi: koöpsie van wit arbeid

Die uitwerk van hierdie modus vivendi tussen staat en kapitaal het dan as volg verloop. Sedert die begin van die eeu was die goudmynbedryf diep afhanklik van 'n voldoende toevoer van arbeid. Die staat het vryelik gehelp om ongeskoolde swart arbeid in voldoende hoeveelhede beskikbaar te hê, want swart arbeid – goedkoop en stemloos – was vir die staat geen kwessie nie. Vir die myne was staatsbeheer oor die toevoer van swart arbeid egter krities. Die staatshulp lei tot die begin van die trekarbeidstelsel, instromingsbeheer en die paswette.

Semi-geskoolde blanke werkers se posisie was egter 'n probleem. Hul relatiewe hoë lone was 'n kosteprobleem vir die myne. Pogings om lone te verlaag het die wit myners laat organiseer in vakbonde, laat staak en politiek gesensiteer. Dit loop uit op 'n patroon van konflik tussen kapitaal en blanke arbeid wat duur tot 1922. Die staat se probleem was om hierdie konflik te besweer en werkloosheid onder blankes – die stemgeregtigdes – te verlig/vermy sonder om sy belastinginkomste uit goudmynwinste te laat bedreig deur te hoë koste van blanke arbeid op die myne.

Die staking van 1922 bring hierdie probleem tot 'n spits. Die staat moes die werkers/kiesers tevrede stel sonder om mynwinste te benadeel, en die myne wou weer staatsoptrede hê om die wit werkers te help "hanteer". Die oplossing vir staat en mynbousektor – voorafgegaan deur die gekoördineerde en gewelddadige onderwerping van die wit werkers tydens die 1922-staking – was om saam te werk om die wit werkers formeel te koöpteer in die staat se administratiewe struktuur.

Dit is gedoen deur die vakbonde formeel te erken mits hulle formeel registreer, en hulle 'n monopolie in elke industrie te gee in ruil vir aanvaarding van 'n institusionele bedeling waar hulle verantwoordelik word vir die gebruik van arbeid se mag en waar stakings onwettig word tensy die staat se rekonsiliasie-masjinerie eers beproef is. Die vakbonde, met hul mag grootliks gebreek, het dus in effek afstand gedoen van die reg om te staak. Die resultaat was permanente direkte staatsinmenging in die kapitaal-arbeid verhouding. Die Industriële Rekonsiliasiewet van 1924 was hierin instrumenteel.

Koöpsie – die absorbering van strategies belangrike groepe (in hierdie geval die wit vakbonde) in die administratiewe besluitnemingstruktuur – het geskille tussen werker en werknemer gedepolitiseer, die bedreiging wat dit vir die stabiliteit van die staat inhou, ontlont en die staat se legitimiteit verseker (1984, pp. 114/5). Dit het ook die huwelik tussen staat en kapitaal verseël, en is opgevolg met verskillende maatreëls deur die Pakt- en latere regerings om die verhouding se permanensie te verseker. Volgens Yudelman was die staat van toe af onlosmaaklik verbind tot die beskerming van 'n winsgewende "kapitalistiese omgewing", 'n verbintenis veel belangriker as enige verbintenis om bv. blanke werkgeleenthede te waarborg.

Yudelman betwis dus die standaard Afrikaner-bewering dat 1924 die kulminasie van Afrikaner-nasionalisme se baasraak van die stede was (met 1948 as die finale stap), en ook die liberale bewering dat die rassistiese wit werkers die slag van 1922 teen die Engelse mynboukapitaliste verloor het net om die oorlog van 1924 te wen met die ver-

kiesingsoorwinning van die Arbeider-Nasionale Party koalisie en die instelling van die kleurslagboom (1984, p. 23 en hf. 6). Die Pakt-regering se ekonomiese en industrialisasiebeleid was volgens hom juis daarop gemik om die krities-belangrike mynbousektor te beskerm deur die verantwoordelikheid vir blanke werkverskaffing van die myne af te skuif na die industriële en staatswerkgewer.

In die langtermyn het die belange van mynbou — die gans met die goue eiers — geseëvier, nie die wit werker s'n nie; die ander oorwinnaar was die groeiende intervensionistiese staat wie se soewereiniteit en finansiële sekuriteit verseël is. Wit arbeid op die myne het bv. nie gedeel in die geweldige welvaartgolf wat die land ervaar het na die 1932-styging in die goudprys nie (vgl. Yudelman, 1984, pp. 25–27 en 255 vir gegewens oor bv. vlakke van lone en winste na 1922), en teen die tweede wêreldoorlog was georganiseerde wit mynarbeid nie meer 'n faktor tussen staat en kapitaal nie (Yudelman, 1984, p. 250). Die onderwerpings- en koöpteringsproses was volbring met arbeid ook nie meer 'n politieke faktor nie (minstens tot 1970 toe swart arbeid 'n bedreiging begin word het).

### 4.3 Die rasseprobleem

Die rassekwessie, bv. die verhouding tussen wit en swart werkers, was volgens Yudelman geen ware kwessie in hierdie proses nie. Volgens hom word die rasseprobleem inderdaad oorbeklemtoon in die standaard historiografie, en is die prominensie daarvan grootliks die gevolg van retoriek aan alle kante.

Basies verwerp Yudelman die Engelse/liberale historici se toedigting van apartheid aan die "fanatiese" Afrikaner. "In fact, Anglophones, including British Imperialists, played a crucial role in laying down both the administrative and the ideological foundations for modern institutionalised race discrimination. ... The institutional basis of race discrimination predates the official apartheid policy by decades" (Yudelman, 1984, p. 14).

Volgens Yudelman was daar van die begin van die eeu af 'n blanke konsensus wat rassediskriminasie aanvaar het (1984, p. 34). Afrikaner en Engelsman, staat en kapitaal was verenig oor twee dinge: die noodsaaklikheid dat swartes in 'n onderdanige posisie gehou moet word om die belange van staat, kapitaal en wit arbeid te dien én dat die swartes nie 'n politieke twispunt moet word nie (1984, p. 18/9; 34). "(B)lack labor was not a 'political' issue in the sense that white labor was, and the fundamental question of equal political and economic rights for blacks was never seriously considered or debated among the white government or white electorate. Blacks were treated as objects of policy, not subjects. ... The black 'issue' was the one on which most whites could agree" (Yudelman, 1984, p. 18/9). Hierdie konsensus betref ook die instelling, institusionalisering en uitbreiding van die swart trekarbeidstelsel wat (stedelike) swartes politiek lamgelê en hulle maklik manipuleerbaar gemaak het vir die staat. Die bestaan van hierdie swart arbeidspoel en die plek van swartes in die samelewing was nooit 'n blanke politieke twispunt nie, aldus Yudelman.

Die konflik tussen kapitaal en arbeid tot en met 1924 was, sê Yudelman, dus nie 'n rassekwessie veroorsaak deur die vervanging van goed-betaalde blanke arbeid deur swak-betaalde swart arbeid nie — al was rasse-retoriek 'n belangrike mobiliseringstegniek. Die stryd van die mynkapitaliste teen die blanke werkers met die staking was nie 'n aanval op die kleurslagboom — die liberale siening — nie. Die oorheersende kwessie was die stryd tussen arbeid en kapitaal oor die beheer van die industrie en die rol van die staat daarin.

## 4.4 Konklusie

Die onderliggende bron van konflik in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis is, binne hierdie perspektief, nie nasionalisme, ras of klas nie, maar die inherente spanning tussen die legitimasie- en akkumulasie-imperatiewe. Dit vind vergestalting in die spanning tussen die staat-kapitaal-alliansie en die arbeiderskorps, met lg. as potensiële destabiliseerder van die politiek-ekonomiese orde. Die "skuldige party" in die geskiedenis is dus nie die Afrikaner of die Engelse of die kapitaliste nie; die staat (hetsy gedomineer deur "Afrikaner" of "Engelse" partye), die wit, hoofsaaklik Engelse kapitaliste en die wit, hoofsaaklik Afrikaner-werkers is gesamentlik verantwoordelik vir die onderdrukking en verontregting van die swartes en die verheffing van ras tot 'n konflikkwessie.

In geheel gesien is die politiek-ekonomiese geskiedenis in Suid-Afrika onlosmaaklik verweef met die ontplooiing van 'n moderne industriële ekonomie volgens kapitalistiese patroon. "(The) tension between legitimation and accumulation, which is such an old problem in South Africa, is in many ways the central problem of the industrial world today" (Yudelman, 1984, p. 2). In dié sin is Suid-Afrika 'n voorbeeld van patrone wat wêreldwyd in industriële ekonomieë aangetref word: "For South Africa exhibits in almost caricatured form the ugly face of most developing industrial states: the concentration of a disproportionate amount of growing wealth in the hands of a minority, the decline in civil and human rights, the centralization of power, and the systematic exploitation of the powerless" (Yudelman, 1984, p. 13).

## 5. Greenberg: ras, en staat in kapitalistiese ontwikkeling

Stanley Greenberg maak 'n verdere bydrae tot die verklaring van die geskiedenis en voortduur van etniese groepskonflik in Suid-Afrika.

## 5. Die raaisel: rassekonflik ten spyte van modernisasie

Hy begin met die konstatering van die feit dat daar in etnies-plurale gemeenskappe in vele wêrelddele 'n slepende konfliksituasie bestaan wat voortduur ongeag die vorm en duur van 'n proses van "modernisasie". Die betekenisvolle hiervan is dat dit duidelik in stryd is met sommige van die belangrikste en mees invloedryke aannames in moderne liberale sosiale teorie.

Laasgenoemde sê naamlik dat die voortduur van etniese lojaliteit tot die punt van uitbuiting en gewelddadige handhawing van groepsbevoorregting nie versoenbaar is met die groei van die invloed van rasionaliteit, nasiestate, industrialisme en kapitalisme nie (1980, p. 6; vgl. ook 1.2 hierbo). Volgens liberale sienings behoort tradisionele lojaliteite in die loop van 'n volgehoue proses van modernisasie vervang te word deur 'n nuwe oorkoepelende lojaliteit aan 'n enkele nasionale politieke gesag en die ideologie van moderne ekonomiese groei en materiële vooruitgang.

Volgens hierdie opvatting is dié uitwerking of impak van ekonomiese groei nie beperk tot meer "gemoderniseerde" kapitalistiese lande nie, maar is dit veronderstel om ook waar te wees vir lande waar etniese konflik en rasseverdeling baie ernstige afmetings aanneem. Die belang van hierdie siening is volgens Greenberg ook nie bloot teoreties of verklarend nie. Dit vorm inderdaad die basis vir heel konkrete verwagtinge en optredes aan die kant van leiers van sowel die dominante asook die ondergeskikte groepe in hierdie soort samelewings. Albei partye verwag dat volgehoue ekonomiese

groei die omvang en intensiteit van etniese antagonisme sal verklein en uiteindelik sal uitwis (1980, p. 7).

Siende dat die feite hierdie verwagtinge weerspreek, ondersoek Greenberg die moontlikheid van ander verklarings vir die effek van kapitalistiese ontwikkeling op patrone van rasse- en etniese dominasie (1980, pp. 7, 13).

## 5.2 Onbevredigende verklaring

As wegspringplek identifiseer Greenberg twee groepe opvattinge wat 'n alternatiewe siening hanteer om die gestelde anomalie mee te verklaar. Die eerste hiervan poog om redes te vind waarom etniese en rasse-skeiding sal voortduur ongeag die sosio-ekonomiese groeipatrone.

Hy identifiseer twee groepe redes. Een daarvan is geleë in die idee dat etniese en rassebinding primordiaal in die lewe van enige individu en groep is – d.w.s. op dieselfde vlak as familiebinding. Dit is dus 'n gegewe wat nie ongedaan gemaak kan word deur watter ontwikkeling dan ook nie. Volgens Greenberg gaan hierdie idee mank aan 'n verklaring van sosiale verandering omdat dit 'n analitiese konsep is wat los gesien kan word van historiese dinamiek (1980, p. 16). Gevolglik veronderstel dit dat veranderinge in politieke mag, die rol van die owerheid en patrone van eienaarskap kan plaasvind sonder dat dit enige invloed het op etniese of rassedominasie. Dit kan volgens Greenberg net waar wees as genoemde dominasie onafhanklik was van die ekonomie, staat en ander relasies in die samelewing. Dit stry egter met die feit dat hierdie sake ten nouste met mekaar verweef is (1980, p. 16).

'n Ander rede is geleë in die idee dat in sg. plurale gemeenskappe – waarin oorkoepelende bindinge tussen lede van die aanwesige afsonderlike groepe bykans volledig afwesig is – 'n dominante groep sy afsonderlikheid vestig en institusionaliseer en dan die staatsmag gebruik om sy bevoorregting mee te bestendig. Die leidende idees in so 'n gemeenskap is kulturele diversiteit, ongelykheid, en politieke dominasie. Greenberg meen dat dit op 'n meer bevredigende wyse omgaan met die rol van die staat as die idee van onveranderlike rassevooroordele. Op sy beurt skei dit egter weer die staat van die ekonomie en ander verhoudinge in die samelewing en slaag dus ook nie om rekenskap te gee van die verhouding tussen hierdie sake nie (1980, p. 18).

Die tweede breë wyse waarop die voortduur van etniese en rassedominasie verklaar word, vind Greenberg in die grotendeels Marxisties-geïnspireerde literatuur oor ongelyke patrone van ontwikkeling (ook bekend as teorieë van afhanklikheid of dependencia). Hierdie denkwyse gaan daarvan uit dat kapitalistiese ontwikkeling nie anders kan as om ongelykhede en relatiewe onderontwikkeling te skep nie (vgl. par. 1.3 hierbo). Growwe diskrepansies in bevoorregting, armoede en relatiewe agtergeblewendheid is dus nie teenstrydig met kapitalistiese ontwikkeling nie maar 'n integrale deel van die proses. Hoewel Greenberg van mening is dat daar betekenisvolle bydraes hierdeur gemaak word om die ontstaan van etniese en rassestratifikasie te verklaar, gaan dit nog steeds mank aan 'n verklaring vir die daaropvolgende interaksie tussen groepe (1980, p. 22).

## 5.3 Rasse-oorheersing as 'n klasseverskynsel

Greenberg sluit vir sy eie verklaring van die voortduur van etniese en rassekonflik in kapitalistiese ontwikkeling aan by die reeds vermelde idee dat hierdie soort ontwikkeling aanleiding gee tot grootskaalse ongelykheid. *Die kenmerkende van sy benadering*

*is egter dat hy konsentreer op die vorming van ekonomies-omskrewe klasse in die konteks van veelrassige samelewings* (1980, p. 23). Ortodokse Marxistiese teorie is altyd verleë oor hoe die effek van rasverskille hanteer moet word.

In die besonder fokus Greenberg op die ontstaan en werking van drie groepe "klasse-akteurs" – kommersiële landbouers, sakelui en industriële werkers. Hy ontleed die prosesse waardeur hierdie drie groepe in die ontwikkelingsproses ontstaan, lg. proses verder dra en die rasseskeidinge in hulle omgewing hanteer en meestal tot eie voordeel uitbuit. Veral van belang is die wyse waarop hierdie klasse op georganiseerde wyse hul onderskeie belange formuleer en daarvoor invloed uitoefen op die owerheid. Deur hulle *klasse*belang op hierdie wyse na te streef, beïnvloed hulle die hele patroon van *rasse*dominasie.

Greenberg gebruik die situasie in vier verskillende gebiede – Suid-Afrika, die suide van die VSA, Noord-Ierland en Israel – om empiriese materiaal te lewer vir die opbou en toetsing van sy sentrale stelling. *Dit behels eerstens dat kapitalistiese ontwikkeling die gespanne patroon van etniese en rasseverhoudinge deurgaans in stand hou, gebruik en aanpas ter wille van die uitbreiding van klassebelange.* Dit versterk oor die verloop van tyd die grense tussen rassegroepe; *andersyds kan dit algaande nuwe teenstrydighede skep wat uiteindelik dreig om die hele patroon van rassedominasie omver te werp of minstens af te water.* Laasgenoemde kan plaasvind omdat die verskillende klasse-akteurs algaande minder behoefte het aan die voortsetting van dominasie. Dit beteken nie dat die klas-karakter van die rasse-orde onmiddellik of noodwendig ondermyn word nie. Gevestigde belange en ideologieë van veral die burokrasie, staatsamptenary en politici kan die patroon van rasse-dominasie laat voortduur. "But in the absence of clearly articulated class interests in the dominant section, the racial order and the racial state tend toward an amorphous racism, 'mere dominance' in the face of the dominant class actors' diminishing interest in the racial framework and the subordinate population's increasing resistance to it" (1980, pp. 27/8). [Hy noem eersgenoemde fase die intensifering van rassedominasie en laasgenoemde die krisis van hegemonie (1980, pp. 26 – 27).]

'n Belangrike element in Greenberg se uiteensetting is die rol van die staat in die bostaande dinamiek. Omdat die dominante klasakteurs vanaf 'n vroeë stadium die belang daarvan besef om die ontwikkelende klasse-orde te bestendig en te beskerm, is dit vanselfsprekend dat hulle die politieke beheer oor die staatsapparaat sou monopoliseer en dit ontoeganklik maak vir lede van die gedomineerde groepe. Voorts word die staatsmag daarna ingespan om die bestel van rassedominasie te bestendig d.m.v. statutêre maatreëls (1980, p. 387 e.v.). Die periode van intensifering van rassedominasie gaan gevolglik gepaard met die uitbreiding van die owerheid se beheermaatreëls oor die lewensloop van die gedomineerde arbeidergroepe totdat die stelling uiteindelik gemaak kan word dat: "The state during the period of intensification came to represent the racial organization of society" (1980, p. 388).

### 5.4 Toepassing op Suid-Afrika

Greenberg pas sy model soos volg op Suid-Afrika toe. Eerstens bespreek hy die fase van intensifering. Dit het geduur van ongeveer 1890 tot 1960. Selfs voor die groei van die myne en die stede het die dominante boeregemeenskap vorme van beheer oor swart werkers ontwikkel d.m.v. eenvoudige paswette en 'n stelsel om die toedeling van plakkerarbeiders te verseker (1980, p. 391). Met die koms van industrialisasie, veral aan die Witwatersrand vanaf 1890, het markte geweldig uitgebrei. Boere het gevolglik

die maatreëls wat die vloei en beskikbaarheid van arbeid moes verseker, aansienlik uitgebrei. Dit is ingelui met beperkings op grondbesit deur swartmense en verhoogde belastings op swart kleinboere; opgevolg met formalisering van dienskontrakte vir swart loonarbeid op blanke plase, en formele paswette en owerheidsbeheer van pagtery in die dertigerjare; afgerond met die ontwikkeling van die stelsel van instromingsbeheer en plattelandse arbeidsburo's na 1945 (1980, p. 391).

Die sakelui in Suid-Afrika het volgens Greenberg reeds voor 1900 aangedring op paswette en owerheidsondersteuning vir hulle monopolistiese stelsel van arbeidsrekrutering. Vanaf 1900 tot 1960 het hulle die beperking van swartes se regte tot die sg. reserwes ondersteun, die staat se steun gebruik om 'n arbeidersbeweging onder swartes te verhoed en, ten spyte van enorme uitbreiding in produksie en indiensneming, geen verhoging in die reële lone van swart werkers tussen 1910 en 1970 toegestaan nie.

Die dominante blanke werkers, veral in die mynbou en later in die staalindustrie en spoorweë, was onder die eerste groepe in Suid-Afrika om steun te gee vir die beperking van die toegang van swart werksoekers tot sg. blanke gebiede. Dit was ook die mynwerkers wat aangedring het op die instelling van werkreservering vir blankes.

Die staatlike en statutêre vaslegging van die ras-gebaseerde samelewingsorde het aanvanklik plaasgevind onder die leidende invloed van die opkomende blanke boeregemeenskap. Volgens Greenberg het die kommersiële boere vanaf 1910 tot 1956 die grootste magsblok in die Parlement uitgemaak (1980, p. 392). Hulle invloed het volgens hom ook hiervandaan deurgewerk tot in al die ander geledinge van die verhouding tussen swart en wit. "The racial state became the centerpiece of National Party ideology and policy. Only the State, and party, could embody the destiny of the Afrikaner 'volk', uplifting it, insuring its control of the economy, and guaranteeing that the position of the European race and the European civilization be maintained and safeguarded" (1980, p. 393).

Tweedens bespreek Greenberg die sg. krisis van hegemonie. Die oorsake van 'n bevraagtekening en stelselmatige disintegrasie van die oorspronklike patroon van rassedominasie in Suid-Afrika, vind Greenberg ook in die voortgaande ontwikkeling van kapitalistiese groei.

Die veranderende ekonomiese toestande het hulle gevolge duidelik laat geld in die politieke wel en wee van die verskillende groepe klasse-akteurs. Blanke boere het begin vind dat hulle nie meer so afhanklik was van beheer oor die beskikbaarheid van arbeid nie. Dit het in die breër politiek gepaard gegaan met 'n duidelike afname in die politieke mag van die boere. Hulle tradisionele magsposisie is selfs toenemend deur regeringsliede en Afrikaanse sakelui bekritiseer.

Die blanke arbeidersbeweging het algaande onderling meer verdeeld geraak, en hierdie toestand het in die sewentigerjare aanleiding gegee tot 'n grootskaalse splitsing oor die kwessie van vakbondlidmaatskap vir swart werkers. Die sakesektor het teen die sestigerjare hulle belange deeglik verskans in die optrede van liggame soos die Kamer van Mynwese, Federasie van Nywerheidskamers, Kamer van Koophandel en die Afrikaanse Handelsinstituut. Hoewel daar in die periode vanaf 1890 groot veranderinge in die ekonomie plaasgevind het, het die sakesektor die rassepatroon gerieflik geakkomodeer en geen grondliggende ekonomiese konflik met die owerheid gehad nie. Die drastiese en verspreide vertoon van ontevredenheid en weerstand deur swartes in die sewentigerjare het egter ook die opvattinge van hierdie sektor beduidend laat verander. Die besef het posgevat dat die ondergeskikte swartes en die internasionale gemeenskap nie langer die sakesektor sou toelaat om hulle gewone sakepraktyke,

gebaseer op die patroon van rassedominasie, voort te sit nie.

Sakelui, veral in vervaardiging en handel, het vervolgens begin om veranderinge in die geykte rassepatroon meer uitgesproke te steun. Dit het egter meestal neergekom op 'n herbeklemtoning van die meriete van hoë ekonomiese groei en die noodsaak van 'n swart middelklas en entrepreneurskap. Die basiese raamwerk van rassedominasie ter wille van ekonomiese bevoorregting is hierdeur nog nie fundamenteel aangetas nie.

Die owerheid het vertroue behou in sy vermoë om die ras-gebaseerde raamwerk van die staat, met blankes in die mees-bevoorregte posisie, in stand te hou. "The state machinery, above and beyond its race and labor control functions, constituted the white community" (1980, p. 402). Tog het dit ook in hierdie kringe deurgedring dat die bestaande rassepatroon nie sonder hervorming sou kon bly voortduur nie. Die gevolg daarvan is die idee van "hervorming" – maar sonder om uitdruklik te verklaar dat die rassepatroon fundamenteel verander sou moes word.

### 5.5 Konklusie

Die konklusie wat Greenberg uit hierdie rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis trek, is dat die verskynsel van rassedominasie – die uitstaande kenmerk en oorheersende oorweging in die Suid-Afrikaanse politiek – 'n klasseverskynsel is. Dit bevestig dus die intrinsieke verband tussen ekonomie en politiek. Voorts verskaf die ontleding van die ontwikkelende klasseverhoudings in langer periodes van kapitalistiese ekonomiese groei 'n basis om die kenmerke en dinamiek van rasseverhoudings en die politieke hantering daarvan mee te verstaan (198, p. 06). Greenberg beklemtoon ook dat sy ontleding nie die realiteit van ras of etnisiteit ontken, of klassestryd tot die enigste verklaringsgrond vir die historiese dinamiek verhef nie (1980, p. 407). Hy wys ook dat sy interpretasie in stryd is met feitlik die meeste erkende denkwyses oor die probleem – insluitende ortodokse Marxisties-Leninistiese denke (1980, p. 408). Voorts betwis hy ook fundamenteel die liberale bewering dat apartheid in stryd met kapitalistiese groei sou wees.

## Terreblanche: die kapitalistiese dimensies van apartheid

Terreblanche (1986, hf. 14) werp lig op die relasie ekonomie-politiek deur te onderskei tussen basies twee fases in die geskiedenis, nl. voor en na 1948, wat onderskeidelik gekenmerk word deur wat hy die kapitalistiese en politieke dimensies van apartheid noem.

Ten opsigte van die kapitalistiese dimensie van apartheid toon hy aan dat laissez faire-kapitalisme en apartheid vanaf rofweg 1850 tot 1950 gelyktydig gevestig is deur 'n aantal maatreëls:

militêre optrede teen swartes, enersyds deur Afrikaners maar veral deur Britse magte, wat hul weerstand gebreek het;
die oorskakeling van huurpagtery na kapitalistiese boerdery; hier het maatreëls wat die koloniale owerheid ingestel het om 'n reservoir goedkoop arbeid vir die myne te skep, baie swartes vanaf relatief ekonomies-onafhanklike huurboerdery tot 'n posisie van loonarbeider, armoede en onderdanigheid gedwing;
die konstitusionele ontwikkeling en die politieke beheer wat dit aan die Engelse establishment verleen het; hierdie establishment (waarvan die mynhuise die kern gevorm het) het in die eerste helfte van hierdie eeu sy politieke invloed en beheer

oor die parlementêre stelsel gebruik om sy eksklusiewe ekonomiese belange te bevorder; 'n groot aantal "apartheidswette" is hier ter sprake (vgl. 1986, p. 298); dit het gelei tot 'n besondere soort kapitalistiese stelsel – 'n "ongetemde vorm van laissez faire-kapitalisme" en "'n verlengstuk van ... Britse koloniale kapitalisme" – waarin nie-blankes (en 'n deel van die blankes) in 'n chroniese posisie van afhanklikheid gedompel is;
die indiensnemings- en loonbeleid van die mynmaatskappye, waar die "benutting van goedkoop swart arbeid onder die apartheidstelsel" die opkoms van (Britse) kapitalisme moontlik gemaak het en terselfdertyd ook die tweewêreld-karakter van Suid-Afrika bevestig het deur swartes tot afhanklikheid en armoede te dwing; dit illustreer dan duidelik die "noue interafhanklikheid tussen kapitalisme en apartheid" in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hierdie stelsel het lank na 1948 nog die Engelse kapitaliste bevoordeel (en later natuurlik ook Afrikaner-kapitaliste).

Terreblanche (1986, p. 291) kom dus tot die gevolgtrekking dat die sg. kapitalistiese dimensie van apartheid – ekonomiese bevoordeling van die wit kapitaalbesittersgroep deur skeiding en onderwerping van die afhanklike, swart groep – 'n belangrike mede-rol gespeel het om die skeiding en isolasie tussen die Eerste en Derde Wêreld-beskawings in Suid-Afrika te vestig en te handhaaf. Hierin was die byna ononderbroke beheer van die Engelse establishment oor sowel die ekonomie as die politiek gedurende die eerste helfte van hierdie eeu, deurslaggewend.

Na 1948 tree die politieke dimensie van apartheid na vore, d.i. die politiek-statutêre uitbouing daarvan ter wille van die nasionalistiese of volksbelange van veral die Afrikaners. Ekonomiese dimensies bly egter aanwesig, want die doel hiervan was tweeledig: enersyds 'n welsynstaatbeleid ter wille van blankes maar veral ter wille van die verarmde Afrikaners om hulle hul (vermeende) regmatige plek in Suid-Afrika te gee,[4] en andersyds om die identiteitsbedreiging van sosiale, ekonomiese en politieke integrasie af te weer. Beskermende en verskansende maatreëls sowel as owerheidsbesteding het die Afrikaner op verskeie maniere bevoordeel – in so 'n mate dat hy uiteindelik so 'n groot aandeel aan die ekonomie bekom het dat hy deur die kapitalistiese dimensie van apartheid bevoordeel geraak het en nie daarvan wil afstand doen nie. Die politieke en kapitalistiese dimensies konvergeer dus uiteindelik.

## 7. Gevolgtrekking: indrukke en implikasies

Ons oorsig van die politiek-ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika, soos uitgelig deur verskillende historiografies-ideologiese skole en enkele resente skrywers, laat 'n mens met 'n veelheid van perspektiewe op die verwantskap tussen ekonomie en politiek. Elk lig verskillende gegewens uit, en belig hulle uit verskillende gesigshoeke. Watter perspektief korrek is, is onmoontlik om te bepaal; waarskynlik is geeneen alleen waar nie – "Die waarheid van ons verlede sal iewers in die midde van al die aangebode geskiedbeelde lê" (Van Jaarsveld, 1984, Voorwoord). Wat vas staan is dat 'n gebalanseerde hantering van hierdie tema vereis dat alle belangrike bydraes betrek en oorweeg word.

In die algemeen is die dominante indruk dat daar 'n definitiewe dinamiese inter-

---

Terreblanche laat die vraag in die lug hang of die nalewende impak van die Anglo-Boereoorlog en Engelse ekonomiese magsuitbreiding ten koste van Afrikaners, nie 'n ander kleur aan statutêre apartheid na 1948 gegee het as wat die geval andersins sou gewees het nie.

aksie tussen ekonomie en politiek was. Meer spesifiek is daar *sterk aanduidings dat apartheid en kapitalisme mekaar op een of ander, waarskynlik komplekse wyse gekomplementeer het.* Die ontstaan en voortbestaan van paralelle magsverdeling op die ekonomiese en politieke terreine laat die vermoede ontstaan dat die een die ander gekomplementeer en in stand gehou het. Besluite op ekonomiese en politieke terreine was duidelik baie nou verbonde. *Die geskiedenis laat 'n mens nie meer toe om enige twyfel te hê of ekonomie en politiek intrinsiek met mekaar verbind was in die wording van die Suid-Afrikaanse bestel nie.* Oor die presiese aard van hierdie verbintenis sal daar ingrypende verskil van mening wees, maar oor die bestaan daarvan veel minder. "Business and politics DID mix", ten spyte van langdurige ontkennings.

*'n Ander, meer spesifieke indruk is dat die grondslae vir die huidige magtelose en onbehaaglike ekonomies-politieke posisie van swartes reeds gelê is lank voor die beleid van apartheid vanaf 1948 amptelik geword het, en dat ekonomiese faktore, oorweginge en besluite hierin 'n vername rol gespeel het.* Om dus die verontregting van swartes in Suid-Afrika volledig toe te skryf aan Afrikaners se "irrasionele" optrede a.g.v. volksideologie, is 'n wanuitbeelding van die gebeure. Die wyse waarop nie-Afrikaanse groepe in Suid-Afrika hul ekonomiese belange uitgebou het, is minstens net so 'n belangrike verklaringsfaktor. *Verdere miskenning van hierdie medeverantwoordelikheid deur die liberale skool is onhoudbaar.*

*'n Verdere belangrike indruk is die mate waarin ekonomiese verontregting 'n belangrike mobiliserende faktor was wat uiteindelik politieke mobilisering gekomplementeer en aangehelp het* (by die Afrikaner). Afrikaners behoort ook kennis te neem van die beeld wat hulle eie geskiedenis vertoon, nl. dat dit vir hulle moontlik was om hulself uit hierdie ekonomiese verknorsing te verlos deur onder meer deurslaggewend van die politiek en die middele van die staat gebruik te maak.

Nog 'n noemenswaardige indruk is die skynbare afwesigheid, in die tydperk onder bespreking, van 'n ander potensiële koppeling tussen ekonomie en politiek, d.i. die gebruik van ekonomiese mag ter wille van die bereiking van 'n politieke doelwit. 'n Mens dink hier veral aan stakings met die doel om die openbare orde sodanig te destabiliseer dat 'n politieke magsverskuiwing of regeringsverandering plaasvind. Blykbaar, en verbasend genoeg, het sulke motiewe geen noemenswaardige rol gespeel in die bekende stakings van bv. 1914 en 1922 nie; dit was "gewone" kapitaal-arbeidkonflik (hoewel gekleur deur rasse-oorwegings). Aan die ander kant vertoon die onlangse geskiedenis van swart vakbonde 'n betekenisvolle afwyking van hierdie tradisie.

Wat die verskillende skole betref is dit treffend dat die Afrikaner-geskiedskrywing grootliks onsensitief blyk te wees vir die mate waarin die dinamiek van die tyd gedra is deur 'n dinamiese wisselwerking tussen ekonomie en politiek. So word die armblankevraagstuk hoogstens as "suiwer" ekonomiese geskiedenis behandel, en word die aanwending van politieke mag in die ekonomiese opheffing van Afrikaners grootliks verswyg. Hierdeur word bygedra tot die skepping en voortsetting van onjuisthede, selfs mites, soos dat Afrikaners hulle aan hulle eie skoenrieme opgetrek het en hulself opgehef het sonder enige hulp. Die belangrikheid daarvan is dat Afrikaners hierdie vermeende resep vandag wil voorhou aan ander agtergeblewenes en verwag dat hulle dit moet aanvaar.

Aan die ander kant openbaar die liberale geskiedskrywing ook so 'n onbewustheid. Dit is vervat in die onvrugbare geskeidenheid van ekonomie en politiek, en spesifiek in die idee van 'n harmonieuse liberale orde waarin ekonomiese groei vrede en stabiliteit bewerkstellig. Die ekonomie is dus in 'n groot mate nie 'n politieke faktor

nie: wat hoogstens kan gebeur is dat die politiek inmeng in die ekonomie en die harmonie versteur. In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is die voorsiene harmonieuse ontwikkelingspatroon dan versteur deur die inmenging van rasse-vooroordeel en apartheid. Soos die term inmenging impliseer, het ekonomie en politiek in hierdie visie basies afgeskeie terreine van funksionering sodat verbindings rondom die vraagstuk van relatiewe bevoorregting slegs in die vorm van onbehoorlike "inmenging" vanaf politieke kant kan plaasvind. Politieke implikasies van ekonomiese gebeure en ekonomiese magsaanwending word dus sistematies uit die liberale raamwerk uitgesluit. Daarom word volgehou met ontkenning van enige mede-verantwoordelikheid van die sakesektor in die totstandkoming van die huidige politiek-ekonomiese problematiek – 'n geliefkoosde liberale mite. Die belangrike hiervan is dat dié medeverantwoordelikheid nie verreken word in nadenke oor oplossings vir die problematiek nie.

Die Afrikaner- en liberale skole van geskiedskrywing misken of ontken dus onderskeidelik enige intrinsieke verbinding tussen politiek en ekonomie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

In kontras hiermee erken die neo-Marxistiese skool 'n onlosmaaklike samehang tussen ekonomie en politiek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, en plaas die rol van ekonomiese klasse onignoreerbaar op die tafel. Die neo-Marxiste hanteer egter die bekende Marxistiese vereenvoudiging van *alles* tot ekonomiese klassestryd. Ons vind dus 'n simplistiese en ekstreme benadering wat ekonomie beskou as die volstrek dominerende aspek van ons bestaan, wat onder meer politiek volledig bepaal. Politiek en ander fasette van menslike bestaan word dus blote afgeleides van wat in die ekonomiese klassestryd gebeur. Die SA ontwikkelingsgeskiedenis word dan ook so geïnterpreteer, met 'n alternatiewe *ekonomiese* stelsel – sosialisme – as voorgestelde *alles-omvattende* oplossing.

Wat die ander outeurs betref, bied hulle nie-geklassifiseerde of moeilik-klassifiseerbare en miskien ideologies minder beklemde perspektiewe aan. Al drie erken en beklemtoon deurgaans 'n onlosmaaklike en intrinsieke samehang tussen ekonomie en politiek.

Greenberg en Yudelman hanteer eiesoortige en heel komplekse konstruksies van 'n integrale samehang tussen ekonomie en politiek in Suid-Afrika deur onder meer te fokus op die dinamiek van kapitalistiese ontwikkeling en die rol daarin van rasse- of etniese faktore enersyds of staatsbelange andersyds. Terreblanche se ontleding – steeds sterk gekleur deur tradisionele Afrikaner-sentimente teenoor die Britse koloniale mag, maar nie te kategoriseer onder standaard Afrikaner-geskiedskrywing nie en deels eklekties – bevestig 'n onlosmaaklike verbintenis en dinamiek tussen ekonomie en politiek, tussen kapitalisme en apartheid, in die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgeskiedenis.

*In geheel gesien is die sterkste indruk dat 'n meer noulettende en geïntegreerde lees van die Suid-Afrikaanse samelewingsgeskiedenis noodsaaklik is, veral as die uiters belangrike en duidelike ekonomies-politieke dinamiek vrugbaar ontbloot wil word.* Aandag sal aan die hele spektrum van historiografiese perspektiewe – van Afrikaner tot neo-Marxisties – sowel as aan "buite-skoolse" sienings gegee moet word. Dit is gewens nie omdat hulle denke noodwendig korrekte insigte in of "oplossings" vir die Suid-Afrikaanse problematiek bied nie, en nog minder omdat 'n "neutrale" benadering so ontwikkel sou kon word. Laasgenoemde is tog uiteraard nie haalbaar nie. Enige begrip van die kompleksiteit en integrale aard van die situasie vereis egter dat goedgefundeerde bydraes wat die intrinsieke relasies tussen ekonomie en politiek in die

wordingsgeskiedenis ontbloot en ontleed, nie geïgnoreer word nie. Anders gee dit aanleiding tot 'n eng, onvolledige en onkritiese historiese besef – een sekere resep "om die foute van die verlede te herhaal".

## NASKRIF: EKONOMIE en GESKIEDENIS — "EKONOMIESE GESKIEDENIS"?

In hierdie naskrif word enkele opmerkings gemaak na aanleiding van 'n reeks artikels in die tydskrif Historia oor die verhouding tussen Geskiedenis en sy buurwetenskappe. Van besondere belang hier is die relasie tussen Geskiedenis en Ekonomie.

D J van Zyl (1982) hanteer hierdie verwantskap en bevind 'n noue wedersydse verband. Hy betoog dat ekonome geskiedenis nodig het "om die ekonomiese werklikheid en die voortgang daarvan" meer volledig te verklaar as met die sogenaamde suiwer ekonomiese benadering wat "slegs met die huidige ekonomiese werklikheid" te doen het en dit a-histories in terme van vaste ekonomiese wette probeer verklaar (1982, pp. 8; 6). Net so is die historikus op ekonomie aangewese "omdat die mens van die verlede en hede ... ekonomiese besluite neem, ekonomiese voorspellings maak en aan verskeie vorms van ekonomiese organisasie deelneem" (1982, p. 9). Kennis van basiese ekonomiese teorie is dus noodsaaklik om verklarings te gee "vir byvoorbeeld die ineenstorting van die Wall Street-aandelebeurs in 1929, die wêreldhandel na 1945 of inflasionêre toestande in die sewentigerjare" (1982, p. 9).

Die vrug van hierdie wedersydse afhanklikheid vind Van Zyl dan in die ontwikkeling van ekonomiese geskiedenis as 'n afsonderlike kennis- en oorgangsgebied tussen die twee wetenskappe waarop historici én ekonome werksaam is (1982, p. 3). Die sentrale objek hiervan is die "ekonomiese verlede", veral "die geskiedenis van die materiële of stoflike welvaart of soms ook die welvaartstrewe van die mensdom" of die wyse waarop skaars produksiefaktore aangewend is om veelvuldige behoeftes te bevredig (1982, p. 10).

Die volgende opmerkings is nou van toepassing:

1. Ons analise hierbo (par. 1) bevestig Van Zyl se opmerking dat Afrikaanse geskiedskrywing gebaseer is op die hermeneutiese verstaanmetode en gerig is op gebeurtenisgeskiedenis waarin politieke aspekte beklemtoon word en o.m. ekonomiese fasette afgeskeep word (1982, p. 19). Hierdie metode, sê Van Zyl tereg, is nie meer voldoende om die moderne, geïndustrialiseerde samelewing te begryp nie; daarvoor moet ook die analities-verklarende metode aangewend word. Dat Afrikaner-historiografie se politiek-historiese eensydigheid 'n onhoudbaar eng siening van die SA geskiedenis lewer, blyk duidelik hierbo. Ons bydrae kan dan ook gesien word as 'n poging om die regstelling hiervan te stimuleer en te inisieer.

2. Let egter op dat Van Zyl se konsepsie van die ekonomiese geskiedenis wat geïnkorporeer moet word, self steeds eng blyk te wees. Vir hom (en ander historici) dui die noodsaaklike ekonomiese kant van die geskiedenis blykbaar op ekonomiese gebeure soos inflasie en Wall Street – "die geskiedenis van die materiële". Soos ons hierbo gesien het impliseer 'n sinvolle ekonomiese verdieping van gewone "suiwer" politieke geskiedenis veel meer as dit. *Wat klaarblyklik nodig is, is historiese waardering van 'n intrinsieke verbintenis en wisselwerking tussen ekonomie – wyd geïnterpreteer – en politiek.*

3. Dit bring dan uit die aard van die saak "suiwer" ekonomiese geskiedenis in die gedrang. Soos dit tans bestaan is die meeste ekonomiese geskiedenis weer a-polities en in 'n sin – teenstrydig soos dit klink – a-histories synde onsensitief vir 'n fundamentele historiese dinamiek in die ontwikkelingsgeskiedenis.

4. Die verantwoordelikheid vir hierdie eng en eensydige aard van "ekonomiese geskiedenis" lê waarskynlik voor liberale deur. Van Zyl merk heel korrek op (1982, p. 11) dat die invloed van ekonomiese teorie sterk is in die standaard-definiëring en bepaling van wat ekonomiese geskiedenis is. Standaard-ekonomiese teorie het basies ontwikkel binne die liberale denktradisie van John Locke en Adam Smith. Die liberale paradigma hanteer, soos ons gesien het (par. 2 hierbo), 'n geskeidenheid tussen ekonomiese en politieke "terreine". Ekonomiese geskiedenis kon dus nie juis anders as om a-polities en geïsoleerd gestalte te kry as die geskiedenis van "die ekonomiese werklikheid" nie (vgl. Van Zyl se gebruik van lg. uitdrukking hierbo; ook 1982, pp. 6; 8). Dat hierdie liberale gespletenheid – en sy erfenis t.o.v. ekonomiese én "gewone" geskiedenis – eweneens nie houdbaar is nie, is ook duidelik.

5. Die "oplossing" vir die geskiedeniswetenskap lê dus klaarblyklik nie daarin om meer "ekonomiese geskiedenis" te inkorporeer of meer "suiwer" ekonomiese teorie te betrek nie. *'n Waarlik geïntegreerde benadering wat die intrinsieke politiek-ekonomiese verwikkeldheid raaksien en ontleed, lyk na die aangewese weg vir historici om in te slaan.* Insgelyks roep "ekonomiese geskiedenis" om verdieping en verryking. Sowel die Afrikaner- as die liberale geskiedskrywing sal hierdie take moet aanpak. Slegs dan sal in noodsaaklike kritiese gesprek getree kan word met die neo-Marxistiese historiese verklaringsmodel (soos, terloops, aanbeveel deur die Geskiedenis-komitee van die RGN se Ondersoek na Tussengroep-verhoudinge (RGN, 1985, p. 81)).

6. Laastens wil dit voorkom of selfs die gewoonte om bv. van "ekonomie" en "geskiedenis" te praat ten dele 'n ongesonde verenging en skeeftrekking herberg, want in hierdie spreekwyse mag verskuil lê 'n idee dat "ekonomie" dui op "suiwer" ekonomiese teorie of "suiwer" ekonomiese gebeure, en dat "geskiedenis" apart daarvan (kan) staan – behalwe om miskien soms interessantheids- of volledigheidshalwe na sy buurwetenskap te kyk. Solank so 'n idee bestaan, kan waardering van 'n intrinsieke wisselwerkingsdinamiek bly ontbreek.

## BRONNELYS

BEZUIDENHOUT, W.J. (1969): *Dr. Tinie Louw, 'n Kykie in die ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner,* Afrikaanse Pers Boekhandel, Johannesburg.

BLUMER, H. (1965): "Industrialization and Race Relations", in Hunter, G. (1965).

COETZEE, J.H. (1942): *Verarming en Oorheersing,* Nasionale Pers, Bloemfontein.

DAVIES, R. (1979): *Capital, State and White Labour in South Africa 1900—1960,* Routledge & Kegan Paul, Sussex.

DE KIEWIET, C.W. (1941): *A History of South Africa, Social and Economic,* Oxford University Press, London.

DE KIEWIET, C.W. (1956): *Anatomy of South African Misery,* Oxford University Press, London.

DU PISANIE, J.A. & HAASBROEK, P.J. (1984): "Ekonomie en geskiedenis", *Historia,* Mei.

DU PLESSIS, E.P. (1964): *'n Volk Staan Op*, Human & Rousseau, Kaapstad.

GILLIOMEE, H. & ADAM, H. (1979): *The Rise and Crisis of Afrikaner Power*, David Philip, Kaapstad.

GREENBERG, S. (1980): *Race and State in Capitalist Development*, Ravan Press, Johannesburg.

HUGO, P. & KOTZE, H. (1983): *Suid-Afrika: Oorlewing in Politieke Perspektief*, 2e uitgawe, Jonathan Ball, Johannesburg.

HUNTER, G. (red.) (1965): *Industrialization and Race Relations: A Simposium*, reprint edition 1985, Greenwood Press, London.

HUTT, W. (1964): *The Economics of the Colour Bar*, Andre Deutz, London.

INNES, D. (1983): "Monopoly Capitalism in South Africa", in *South African Review I* (SA Research Service), Ravan Press, Johannesburg.

JOHNSTONE, F.A. (1976): *Class, Race and Gold*, Harvester Press, London.

LACEY, M. (1981): *Working for Boroko: The Origins of a Coercive Labour System in South Africa*, Ravan Press, Johannesburg.

LEATT, J. *et al.* (reds.) (1966): *Contending Ideologies in South Africa*, David Philip, Kaapstad.

LEFTWICH, A. (1974): *South Africa: Economic Growth and Political Change*, Allison & Bushby, London.

LEVER, H. (1978): *South African Society*, Jonathan Ball, Johannesburg.

LOMBARD, J.A. (1978a): *Freedom, Welfare and Order*, BENSO, Pretoria.

LOMBARD, J.A. (1978b): *Toekoms in Vryheid*, BENSO, Pretoria.

MULLER, C.F.J. (red.) (1980): *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 3e hersiene uitgawe, Academica, Pretoria.

NATTRASS, J. (1981): *The South African Economy*, Oxford University Press, Kaapstad.

NOLUTSHUNGU, S.C. (1982): *Changing South Africa: Political Considerations*, Manchester University Press, Manchester.

PAUW, S. (1945): *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, Reddingsdaadbond, Johannesburg.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (1985): *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse Historiografie*, ongepubliseerde verslag van die Geskiedenis-komitee van die Ondersoek na Tussengroepverhoudinge van die RGN, Pretoria.

SCHOLTZ, G.D. (1979): *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel VII, Voortrekkerpers, Johannesburg.

SCHUMANN, C.G.W. (1940): *Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner*, Nasionale Pers, Bloemfontein.

TERREBLANCHE, S.J. (1980): *Die Wording van die Westerse Ekonomie*, Academica, Pretoria.

TERREBLANCHE, S.J. (1986): *Politieke Ekonomie en Sosiale Welvaart*, Academica, Pretoria.

VAN JAARSVELD, F.A. (1981): *Wie en Wat is die Afrikaner*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad.

VAN JAARSVELD, F.A. (1984): *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, Lex Patria, Johannesburg.

VAN ZYL, D.J. (1982): "Geskiedenis en Ekonomie", *Historia*, September.

WELSH, D. (1974): "The Political Economy of Afrikaner Nationalism", in Leftwich (1974).

WILSON, F. (1984): "Southern Africa", hf. 6 in *The Cambridge History of South Africa*, (M. Crowder red.), vol. 8, Cambridge University Press, Cambridge.

WILSON, M. & THOMPSON, L.M. (reds.) (1969 en 1971): *Oxford History of South Africa*, Oxford University Press, Oxford.

WRIGHT, H.M. (1978): *The Burden of the Present*, David Philip, Kaapstad.

YUDELMAN, D. (1984): *The Emergence of Modern South Africa*, David Philip, Kaapstad.